*Donderdag* **23 Januarie**

**Skrifgedeelte: Nehemia 9:1-6**
**Fokusgedeelte: Nehemia 9:5, 6**

## Verootmoedig jouself!

Dit gebeur gereeld dat daar 'n dag van verootmoediging uitgeroep word. 'n Dag waar daar gebid word vir reën, of uitkoms, of vir watter belangrike saak ook al op die harte van almal lê. Hierdie woord, verootmoediging, beteken om onsself voor die Here neer te buig, en eintlik ons hele wese voor Hom leeg te maak – soos ons dan ook in Nehemia sien. Die hele volk kom bymekaar, en vir die eerste gedeelte van die dag word hulle met hulle sonde gekonfronteer. Dan nog 'n kwart-dag, met rouklere aan en as op hulle koppe, bely hulle hul sondes. Alles word oopgevlek, alles word bely.

Wanneer laas het jy jouself so voor God verootmoedig, jouself so voor God leeggemaak? Dit is die proses om jou eie ek, jou wil, heeltemal af te breek, sodat God se wil in jou lewe na vore kom – soos die Israeliete gedoen het. Toe hulle heeltemal leeg was, het hulle oorgegaan na lofprysing toe. Gaan bestudeer gerus die res van die hoofstuk biddend.

Hierdie ware verootmoediging het net vir ons waarde, want ons weet dat ons verlos is. Ons moet ons sonde bely, maar daarmee saam het ons die wonderlike belofte dat die Lam van God die sonde op Hom geneem het en daarvoor betaal het. Daarom kan ons met jubelende blydskap die as van ons kop afstof, en die feesklere aantrek wat God vir gee, om so met dankbare harte vol lofgesange by die bruilofsmaal van die Lam aan te sit.

Ons hoef nie meer in sak en as te sit oor ons lewe nie; bely dit wat op jou hart is voor die Here, en glo dat daar vergifnis is in ons Here Jesus Christus, dan word jou klaagliedere verander in lofgesange, en kan jy saam met die Leviete bely: *"Kom, prys die Here julle God! Hy is van ewigheid tot ewigheid."*

*Sing: Psalm 18-1:1, 10*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*